Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Anton Bredell

Marble Hall & Groblersdal

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Anton
Tel: 082 825 9424 E-pos: anton@laeveld.co.za

Anton Bredell het sy B.Sc Agric-graad in Stellenbosch verwerf. Hy het ook sy vrou Carin, 'n gekwalifiseerde huishoudkundige, daar ontmoet en hulle het in 1992 saam na Marble Hall verhuis.

Anton is een van die span landboukundiges by Laeveld Agrochem wat kliënte in die Loskop-besproeiingskema by Marble Hall en Groblersdal van landboukundige advies bedien oor verskeie aspekte van produksie van al die gewasse wat in dié gebied verbou word.

Voordat Anton in 1997 by Laeveld Agrochem aangesluit het, was hy betrokke by Irvin & Johnson (tans McCain), waar hy sy groente-ondervinding opgedoen het, en by Bayer, waar hy sy landbouchemiese produkkennis opgedoen het. "Die fokus het sedert 1997 na tafeldruiwe en sitrus geskuif, omrede ons volhoubaar moet produseer met beperkte beskikbare besproeiingswater. Ons dryf dus die beginsels van netto wins per millimeter water gebruik baie sterk," sê hy.

Anton en sy span se doelwit is om kundigheid met verantwoordelikheid toe te pas deur gebruik te maak van uitgebreide moniteringstelsels soos makro-klimaat weerstasies, mikro-klimaat siektestasies, spoorvangers, innokulummonitors, valletjies met feromone vir insekte, ontledings van water-, plant- en grondsiektes, blaar- en grondmonsters vir bemestingsadvies, grondmonsters vir aalwurm, besproeiingskedulering, chemiese residue op produkte- MRL'e ens.

Só kan hulle die mees gepaste geregistreerde landbouchemiese produkopsies aanbeveel om 'n veilige eindproduk te produseer sonder risiko's vir mens, dier en omgewing, en om die minimum vlakke en aantal residue op die vrugte en groente agter te laat.

"Ons streef daarna om voortdurend nuwe innoverende beheerstrategieë te ontwikkel om volhoubare beheer oor die lang termyn vir ons kliënte te verseker. Agri Technovation speel 'n belangrike rol in die meting en terugvoer met die MyFarmWeb-platform." sê Anton.

Anton en Carin het twee dogters. Die oudste is 'n apteker en die jongste volg in haar ma se voetspore as 'n huishoudkundige. Verder bestaan die Bredell-familie uit verskeie honde, katte, Pollie die papegaai en veer-poot-hoendertjies. Die gesin is baie familievas en kuier graag by die familie se strandhuis op Waenhuiskrans saam met hul Wes-Kaapse, Bolandse, Noord-Kaapse en oorsese familielede.